**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 570/2007

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**PAKISO MATSOLO**

---

**CORAM:** HATTINGH, R *et* VAN DER MERWE, R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 6 SEPTEMBER 2007

---

[1] Die beskuldigde is tereg skuldig bevind aan twee misdrywe, te wete eerstens huisbraak met die opset om aan te rand en tweedens aanranding met die opset om ernstig te beseer. Die beskuldigde is op die eerste aanklag gevonnis tot drie jaar gevangenisstraf en op die tweede aanklag tot vyf jaar gevangenisstraf, dit wil sê effektief 8 jaar gevangenisstraf.

[2] Dit blyk uit die getuienis wat die verhoorhof aanvaar het dat die klaagster, 'n 17-jarige meisie, as gevolg van 'n geraas wakker geword het waar sy in haar huis gelê en slaap het. Toe sy opgestaan het, het sy die beskuldigde in die huis aangetref. Dit blyk dat die beskuldigde toegang tot die huis verkry het deur 'n venster te breek. Die beskuldigde het toe die klaagster op die vloer vasgedruk en haar drie keer met 'n skerp voorwerp gesteek. Sy het daarin geslaag om los te ruk en deur 'n oop venster te vlug. Die klaagster se buurman, aan wie sy toe sy die geraas gehoor het 'n boodskap per selfoon gestuur het, het opgedaag, maar die beskuldigde het deur die oop venster na buite gevlug en weggehardloop. Die klaagster het 'n 2cm wond aan die agterkant van die regterskouer, 'n 2cm wond agter die linker arm en 'n skraapmerk aan die linkerkant van die nek opgedoen. Dit was nie nodig om enige van hierdie wonde met hegsteke te heg nie. Die klaagster is na behandeling by die hospitaal onmiddellik ontslaan. Tydens die verrigtinge voor vonnisoplegging was die beskuldigde hardkoppig en

het hy geweier om enigiets te sê.

[3] Die verhoorlanddros het bevind dat direkte gevangenisstraf die enigste gepaste vonnis in die omstandighede is. Hiermee kan geen fout gevind word nie. Die klaagster is in die veiligheid van haar eie huis bedreig en aangeval en die beskuldigde het ‘n vorige veroordeling van aanranding met die opset om ernstig te beseer waarvoor hy gedurende 1999 ‘n vonnis van twaalf maande gevangenisstraf opgelê is. Die opgelegde vonnisse is egter na my oordeel so buitensporig swaar en buite verhouding tot die misdrywe wat gepleeg is dat dit nie kan bly staan nie. Die misdrywe is baie nou aan mekaar verbonde en die klaagster het nie ernstige beserings opgedoen nie.

[4] Myns insiens moet die aanklagte saamgeneem word vir doeleindes van vonnis en is ‘n vonnis van drie jaar gevangenisstraf gepas in die omstandighede van hierdie saak.

[5] Gevolglik word die opgelegde vonnisse tersyde gestel en vervang met ‘n vonnis van drie jaar gevangenisstraf op

aanklag 1 en 2 saamgeneem vir doeleindes van vonnis. Hierdie vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 23 Mei 2007.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**G.A. HATTINGH, R**

/em